UITGAWE:
04
Januarie
2026

# Kruispad Families




Hierdie uitgawe:

Terugblik op 2025 B.2

Kersfeesvreugde B.3

## Afsluiting van 2025

**’n Jaar van Groei en Prestasie**

Met die afsluiting van 2025 kan ons met trots sê dat al ons kinders hulle jaar geslaag het. Engels en Wiskunde bly uitdagend, maar hulle probeer hard—en dit is wat die meeste saak maak.

## ’n Nuwe Jaar, ’n Nuwe Seisoen van Groei

Ons nuwe jaar, 2026, merk die begin van die derde bestaansjaar van Kruispad Families. Ons is dankbaar vir ons God en vir al ons borge wat dit vir ons moontlik maak om ons deure oop te hou vir die kinders wat so dringend hulp nodig het.



Die wêreldwye tendens van enkelmoeders en afwesige vaders bring groot uitdagings vir gemeenskappe en gesinslewe. Hier by Kruispad is ons fokus om gesinswaardes te herstel in ons kinders se lewens—om die kringloop van enkelouerskap te breek. Statistiek wys duidelik dat kinders wat in enkelouerhuise grootword, ’n groter kans het om self eendag enkelouers of afwesige vaders te wees.

Ons doel is om ons kinders die waarde van gesinslewe te leer, sodat dit nie net hulle lewens verander nie, maar ook die geslagte wat uit hulle voortkom. Dit verg tyd, geduld en konstante herinnerings aan waardes wat nuut en vreemd voel. Van ons kinders is nou twee jaar by ons, en ons begin nou werklik die blywende verandering sien.

# Terugblik op 2025
# ‘n Jaar van Groei en Prestasie



## Elrico se Inspirasieverhaal

Elrico was ons tweede seun wie sy intrek by ons seunshuis gemaak het, en ons eerste seun om sy skoolloopbaan by ons te voltooi. Elrico was vir bykans twee jaar nie op skool gewees nie, as gevolg van omstandighede aan die ouerhuis. Ons het vir Elrico bygestaan, en met die hulp en ondersteuning van die skoolhoof van Jakes Gerwel Tegniese Skool kon ons vir Elrico inskryf in die vaardigheidsgedeelte van die skool. Elrico het baie vinnig sy agterstand ingehaal en het sy skoolloopbaan voltooi deur eerste te staan in sy klas. Elrico werk vandag by Remig in die Paarl, en hoewel die woonomstandighede ’n uitdaging is en die werk baie hard is, pak Elrico ook hierdie uitdaging in sy lewe met oorgawe en drif aan. Ons is baie trots op hoe Elrico die geleentheid wat vir hom geskep is, gebruik en ’n sukses maak van wat hom toegedeel is.




## Vakansiepret - Eerste Ervarings en Groot Avonture

Ons vakansieprogram was ook vol plesier. ’n Paar trips see toe en ’n heerlike rit op die River Goose-rivierboot op die Breërivier, afgesluit met ’n lekker braai. Die see is altyd ’n wenner, veral aangesien die meeste van ons kinders nog nooit vantevore by die see was nie, ten spyte van die feit dat ons maar net oor die 100 km van die see is. Dit is so ’n voorreg om deel te mag wees van hierdie kinders se eerste ervarings—van die bewondering van die groot blou see tot die verbasing oor see-anemone wat soos helderkleurige blomme in die rotspoele groei. Om te sien hoe kinders die vryheid van kindwees kan geniet sonder om bekommerd te wees of te wonder oor die volgende ete of ’n veilige, warm plek om te slaap.







Dan was daar ook die wandelroete in die Montagu-berge. Ons het die roete gedoen en ook van die geleentheid gebruik gemaak om in ’n ysige bergstroom te swem. Dit was ’n baie vinnige swem gewees.





## Kersfeesvreugde- ‘n eerste vir baie

Ons het natuurlik ook ons jaar afgesluit met ’n Kersfeespartytjie vir ons 13 kinders. Kersgeskenke en Kersetes is ’n nuwe ervaring vir ons kinders. Die meeste van ons kinders het nog nooit ’n toegedraaide geskenk, spesiaal net vir hulleself, ontvang nie. So dit is elke keer vir my ’n hoogtepunt om die gesiggies dop te hou as hulle ’n geskenk oopmaak.

En ons sou nie die jaar reg kon afsluit sonder om vir al ons kinders ’n spesiale Kersete met Kersgeskenke te gee nie. Ook hierdie is ’n eerste ervaring vir die meeste van ons kinders. ’n Mooi toegedraaide geskenk, spesiaal net vir hom, is iets wat ons kinders nog nie ervaar het nie. Vir sommige is dit hulle tweede Kersfees saam met ons, maar die ervaring is steeds nuut. Die opgewondenheid om die pakkie oop te maak word net oortref deur die opgewondenheid van die geskenk uithaal en te sien wat dit is. En hulle is dankbaar vir die kleinste geskenkie.

## ‘n Woord van Dankbaarheid

Baie dankie uit die diepte van elkeen van ons by Kruispad se harte, en in besonder uit 13 kinderharte wie se lewens totaal getransformeer word, te danke aan elkeen van ons borge. Sonder julle sou dit nie vir ons moontlik gewees het om hierdie taak te doen nie. ’n Groot taak, maar ook ’n “humbling” een.

Wat ’n voorreg om deel te mag wees van die verandering in hierdie kinders en die geslagte wat uit hulle gaan voortkom.